# RUILWAARDE.

**GEBRUIK VAN TYDSKRIFTE.**

Navorsers oor die hele wêreld ondervind baie moeilikheid in verband met die gebruik van materiaal vervat in tydskrifte. Boeke is meestal kort na hulle gepubliseer is, verouderd. Om goed op hoogte van die ontwikkeling van ons kennis te bly, moet die navorser tydskrifte raadpleeg. Nou is baie tydskrifte nie alleen moeilik om in die hande te kry nie maar ook beskerm deur onnodige „outeurregte." Om bona fide-werkers te help het die „Royal Society" in 1949 'n verklaring uitgereik in verband met die behoorlike gebruikmaking van wetenskaplike tydskrifte deur navorsers. Die „Society" wil nog die outeursregte beskerm maar gee aan die hand dat organisasies van 'n nie-winsmakende aard, soos biblioteke, musea, buro's, geregtig word om afskrifte van artikels uit tydskrifte te maak vir goedgekeurde navorsers wat dan moet sertifiseer dat hulle die artikels nodig het vir suiwer wetenskaplike werk („private study, research, criticism or review"). Dit is seker 'n uiters belangrike ontwikkeling in die wetenskaplike wêreld.

* * *

**RUILNOMMERS:**

„Nieuw Nederland," 'n weekblad uit Nederland, het einde 1949 opgehou om te verskyn. Sinds 8 April 1950 is dit vervang deur 'n nuwe blad „Uitzicht" wat hom spesiaal toelê op die bespreking van kulturele en politieke sake. Vir iemand wat belangstel in die Nederlandse kultuur en politiek, is dit 'n nuttige bron van informasie. „Bibliotheca Sacra," die bekende Amerikaanse teologiese kwartaalblad, uitgegee deur die „Dallas Theological Seminary," is seker een van die oudste en beste teologiese tydskrifte: dit is

tans in sy 108ste jaar; die hoofredakteur is die bekende professor L. S. Chafer. Die April-Junie-uitgawe (1950) bring weer enkele uitstekende artikels deur departementele redakteurs (L. S. Chafer, J. F. Walvoord, M. F. Unger, J. H. Bennetch) en 'n aantal bydraes deur dander skrywers (o.a. M. O. Massinger, C. F. Ball, C. I. Scofield) en verder 'n pragtige „Book Review". „Tydskrif vir Wetenskap en Kuns" (April 1950) is besonder ryk aan inhoud: redaksioneel, artikels van allerlei aard, boekbespreking en aankondigings deur die sekretaris. Die artikels is van 'n taalkundige en veral van 'n natuurwetenskaplike aard. „Ons Eie Boek", jaargang XVI, No. 1, bevat 'n 6-tal artikels (veral F. E. J. Malherbe s'n oor die digter as gewete van 'n volk en Taalman se goeie „Op die Taalwerf"), 'n kritiese Bulletin oor Afrikaanse, Engelse, Nederlandse, Kuns- en onderwysuitgawes, en 'n 5-tal studies in letterkunde, d.w.s. breëre besprekings van sekere werke (meestal voorgeskrewe boeke). Dit is 'n onmisbare uitgawe vir alle studerendes.

* * *

## KERK EN GODSDIENS:

'n Besonder interessante reeks artikels in „Die Kerkbode" (24 Mei e.v.) deur L. E. du Toit behandel die godsdiens van die afhanklike gesin in die stad. B. Marais skryf in dieselfde orgaan vanaf 12 Julie 'n reeks artikels oor ligdraers van Afrika. In „Die Hervormer" (Mei en daarna) skryf P. J. T. Koekemoer oor „Wij Gereformeerden." J. J. Stegman het 'n mooi studie oor die plek van die sending in „Op die Horison" (Junie) en E. P. Groenewald (ook daar) oor Christelike broederskap volgens die Heilige Skrif en veral A. P. Mokheseng ('n naturel) oor nuwe kerklike ontwikkeling na 75 jaar se sendingwerk. In „Die Gereformeerde Vaandel" (April) is van besondere waarde T. N. Hanekom oor skrif en kansel en E. E. van Rooyen (tans afgetree as professor aan die Teol. Kweekskool Stellenbosch) oor die doel van die prediking. In „Bezinning" is daar twee heel mooi bydraes: J. H. Mulder oor kerk en sekte (April) en J. M. van Krimpen oor evangelisasie en besondere amp (Junie).

* * *

## SKOOL EN OPVOEDING:

Die selfstandigwording van die P.U.K. geniet aandag in „Die Kerkbode" (7 Junie), „Die Geref. Vaandel" (April) en „Onderwysblad" (Julie), behalwe natuurlik in „Die Kerkblad." Die omskepping van die H.U.K. tot die Hugenote-Kollege van die N.G.K. word bespreek in „Die Kerkbode" (28 Junie, 19 Julie). 'n Interessante verslag oor sondagskoolonderwys vind ons in „Die Hervormer" (Junie en Julie). M. J. van der Westhuizen bespreek in „Die Christ. Vrou" (Mei en Junie) die kind en sy opvoeding. „Christian Life" het drie mooi artikels: „Christian leaders on treason in text books" (Mei), A. P. Harrison oor „Winning high school heathens" (Mei) en R. Schafer oor „Christian Higher Education" (Junie). N.A.C.S. de Bruine bespreek in „Paed. Studiën" (Junie) die skoolstryd in Amerika en P. Post 'n sosialistiese onderwyskongres. In „Christian Home and School" 's daar ook 'n besonder belangrike rubriek „Behaviour problems of children" (April v.v.) en in die Mei-uitgawe 'n mededeling oor die Christ. skole in Nederland deur W. J. Meester. In „Ons Kleintjie" verskyn 'n paar artikels deur die pas afgestorwe professor C. F. de Wet oor druiping by skoolkinders (April) en 'n mooi studie deur I. R. v.d. Merwe oor liggaamlike opvoeding in 'n totale opvoedingsisteem. J. A. van Zwoll het 'n besonder goeie bydrae in „Calvin Forum" (Mei) oor „A Junior College, what kind?" Be-

langrik is die T.O. se memorandum oor skoolvoeding in „Onderwysblad" (Junie). C. P. Calitz het 'n breë studie oor die agterlike kind in „Die Skoolblad" (Mei), L. C. Bruwer in „Die Unie" (Junie) oor die Afrikaner en tweetaligheid en J. A. Engelbrecht in „Die Huisgenoot" ( Jun.) oor „Geleerde mense sonder opvoeding."

* * *

**MAATSKAPPY, KULTUUR EN WETENSKAP:**

S. J. van der Walt gaan in „Ons Kleintjie.... (Mei, Junie, Julie) voort met sy studie oor segregasie. J. D. du Toit het in „Die Kerkblad" bydraes oor „Groot Afrika" (23 Jun.) en die G.R.A. (7 Julie) waaroor A. F. Weich in „Inspan" (Junie) ook skryf. Besonder mooi is H. K. Stoker se „Christelike Wetenskap" in „Die Geref. Vaandel" (April). „Race Relations" (Vol. 50, nos. 1 en 3) bevat drie mooi artikels: G. B. A. Gerdener oor die N. G. K. en die rasseprobleem, L. Marquard oor nasionale eenheid in S. Afrika en S. M. Molema oor die politieke verteenwoordiging van die naturel. In „Die Geref. Vroueblad" (Junie) skryf P. S. J. de Klerk oor die kerk en sosiale vraakstukke. „Calvin Forum" (April en Mei) het 'n uiters gewigtige simposium oor die Christendom en die politiek. D. J. van Rooy skryf in die „O.B." (17 Mei) oor die feit dat party plus party nog nie die volk is nie, en die „O.B." (28 Junie) bevat die O.B.-beleid volgens die U.R. van die O.B. M. van den Berg skryf in „Inspan" (Julie) oor die kapitalistiese stelsel van die 20ste eeu. In „Bezinning" is daar 'n paar mooi artikels: M. G. Bakker oor universiteit en kuns (Apr.), R. Hooykaas oor ewolusie en etiek (Mei) en C. B. Bavinck voor Evangelie in die Belgiese intellektuele wêreld (Mei). G. B. Wurth gee pittige gedagtes oor die mens en sy verlede (April), toekoms (Mei) en hede (Junie) in „Horizon". C. Basoski het twee mooi kunsartikels in „Horizon": musiek as uitdrukking van die siel (Mei) en gebondenheid van die kunstenaar (Junie). In „Christian Home and School" (Junie) skryf C. B. oor „formulating our philosophy." J. H. B. skryf in „Zuid-Afrika" (Julie) oor die hollandse kultuur in die laaste kwart van die 19de eeu in S. Afrika. Oor Rommel in die Noorde is daar mooi vervolgartikels in „Die Brandwag" (30 Junie e.v.) en „Die Huisgenoot" (2 Junie e.v.) F. W. Heydt ontleed nog handskrifte in „Die Huisgenoot" (2 Junie en daarna). D. W. Kruger skryf oor die taaiste manne van S. Afrika in „Die Huisgenoot" (9 Junie) en S. P. Engelbrecht oor ou mense in Transvaal in „Die Brandwag" (20 Junie e.v.), F. C. v. N. Fourie vind baie Suid-Afrikaners in Israel („Die Huisgenoot," 21 Junie). Skitterend is J. du P. Scholtz se resensie in „Die Huisgenoot" (14 Julie e.v.) oor die herkoms en groei van Afrikaans deur prof. Kloeke. J. J. Engelbrecht, bekende skrywer oor jeugprobleme, begin in „Die Hervormer" (Junie) te skryf oor die probleem van seksualiteit.

J. CHR. COETZEE.